- Die baas moet ook die werkers vir gereelde mediese toetse stuur en vir die toetse betaal. As 'n werker se gesondheid hulle nie toelaat om nagwerk te doen nie, moet hulle in geskikte dagwerk geplaas word.

## Sondag werk

- As jy op 'n Sondag werk moet jy dubbel jou normale uurlikse loon kry. As die betaling vir die ure wat jy werk op 'n Sondag minder is as jou normale loon vir 'n dag, moet jy die normale daaglikse loon kry. As jy gewoonlik R350 kry per dag en jy werk drie ure op 'n Sondag vir R100 per uur, kry jy R350, nie R300 nie.
- Werkers wat normaalweg op 'n Sondag werk, word tyd en 'h half betaal (normale uurlikse betaling + 50%), nie dubbeltyd nie.
- Jy kan ’n ooreenkoms met jou baas maak om verlof te neem vir die werk wat jy op Sondae doen.

## Publieke vakansiedae

- As jy op 'n openbare vakansiedag werk, moet jy dubbeltyd betaal word as die vakansiedag op 'n dag is wat jy normaalweg werk.

**CWAO:**
**082 812 1934**
**076 551 7112**
**2 High Road,**
**Georgetown,**
**Germiston, GAUTENG**




**Afrikaans -**
Ordinary hours of work

CWAO
CASUAL WORKERS ADVICE OFFICE

# Die Wet op Basiese Diensvoorwaardes (BCEA)

# Gewone Werksure
## *(Ordinary Hours of Work)*

***As 'n werker word jou werksure deur die BCEA bepaal. Alle dienskontrakte, vakbond ooreenkomste en sektorale bepalings moet die werksure volg soos uiteengesit in die BCEA.***

## Wat is 'gewone' werksure?

Gewone werksure is werksure sonder om jou oortyd ure by te voeg.

## Weeklikse werksure

Volgens die BCEA mag werkers nie meer as 45 gewone ure per week werk nie. Jy kan werk vir minder as 45 gewone ure per week maar nie meer nie. As jy meer as 45 uur werk is dit oortyd en moet jy hoër lone betaal word (meer per uur) vir die oortyd ure.

## Oortyd

- Jou baas kan jou nie dwing om oortyd te werk nie. Oortydwerk moet volgens ooreenkoms gebeur. Jy moet daartoe instem.
- Jy kan tot 10 uur oortyd per week werk, bo op die 45 gewone ure wat jy werk.
- Die BCEA sê jy kan tot 3 ure oortyd per dag werk. Dit beteken geen werker kan vir meer as 12 ure in 'n dag werk nie (9 gewone ure + 3 ure oortyd = 12 ure).

## Oortydbetaling

- As jy instem om oortyd te werk moet jy jou normale uurlikse tarief plus 'n ekstra 50% van jou normale uurlikse tarief kry vir elke uur oortyd wat jy werk. Hier is 'n voorbeeld: As jy R10 per uur betaal word vir gewone werksure, dan jy moet R15 per uur vir jou oortydure betaal word.
- R10 (normale tarief) + 50% (helfte van R10 = R5) = R15
- Jy word toegelaat om 'n ooreenkoms met die baas te maak om verlof te neem vir al of vir sommige van die oortyd wat jy het gewerk het.

## Nagwerk

- Nagwerk is enige werk wat gedoen word vanaf sesuur in die aand (6 nm.) en sesuur in die oggend (6 vm.).
- Jou baas kan jou vra om nagwerk te doen solank jy 'n nagwerktoelaag kry en solank hy seker maak dat jy vervoer het om jou werk toe te bring en jou daarna huis toe te neem.
- Base hoef nie vir die vervoer te betaal nie. Hulle moet net seker maak dat vervoer vir werkers beskikbaar is.
- As werkers dikwels tussen 11 nm. en 6 vm. werk, moet die baas die gevare van gereelde nagwerk skriftelik verduidelik.

## Daaglikse werksure

- Werk jy 'n 5-dag week? Jy mag nie meer as 9 gewone ure per dag werk nie.
- Werk jy meer as 5 dae per week? Jy mag nie meer as 8 gewone ure per dag werk nie.

## Daaglikse rusperiodes

- Elke werker moet 12 opeenvolgende ure rus in elke 24 uur hê. Opeenvolgende ure is ononderbroke ure, dus moet die 12 ure een na die ander wees. Dit beteken jy moet nooit meer as 12 ure per dag werk nie, al word oortyd ure by jou gewone werksure gevoeg.

## Weeklikse rusperiode

- Jy moet 'n rusperiode van 36 opeenvolgende ure per week hê. Hierdie 36 ure moet 'n Sondag insluit, tensy jy ingestem het tot Sondag werk.

## Etenspouse

- Nadat jy vyf ure aaneen gewerk het (vyf opeenvolgende ure) moet jy 'n etenspouse kry wat minstens een uur lank is. Hierdie etenspouse van een uur is nie deel van jou gewone werksure nie.
- Indien jy beveel word om na 'n masjien om te sien, of tydens jou etenspouse te werk, moet jy vir daardie tyd betaal word.
- 'n Etenspouse moet nie langer as 75 minute wees nie. As jy gedwing word om 'n etenspouse langer as 75 minute te neem, moet jy na 75 minute vir die ekstra tyd betaal word.
- Werkers kan met die baas onderhandel om hul etenspouse tot 30 minute te verminder.